INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

BREËBAND OF BIG MAC?

Breëbandpryse het die afgelope dekade ooglopend gedaal, maar dieselfde kan nie van ander produkte gesê word nie. Rudolph Muller van www.mybroadband.co.za het gaan ondersoek instel en op `n paar interessante feite afgekom. Die koste van ADSL-diens het met 50% gedaal sedert dit in 2002 geloods is, terwyl die koste van mobiele data met 96% gedaal het die afgelope 10 jaar. In 2002 het die basiese 512 Kbps ADSL diens vir residensiële verbruikers R966.72 per maand gekos (R67.72 vir die huur van `n analooglyn, R680 vir ADSL-toegang en R219 vir `n 3GB databondel). In vergelyking hiermee is die prys van `n 384kbps konneksie met 5GB data nou R358.97 (R219.00 + R139.97). In die mobiele data mark is die prysvermindering nog duideliker. In 2002 het 10MB data bundle van Vodacom R200 gekos (maw R20 per MB). Vandag kan gebruikers `n 1GB data bondel by dieselfde maatskappy koop vir R99 (10c per MB). Breëbandpryse se kostes is dus met tussen 50% en 95% gesny oor die afgelope tien jaar en dis deels te danke aan die laer internasionale bandwydte pryse meegebring deur SEACOM. Ongelukkig kan dieselfde nie van ander produkte gesê word nie. Die volgende tabel gee `n oorsig van die verandering in produkpryse die afgelope dekade.

Diens	***2002***	***2012***	***Verandering***
Telkom ADSL			
Residensële ADSL toegang (512kbps/1Mbps)	*R680*	*R289*	*-58%*
Besigheid ADSL toegang (512kbps/1Mbps)	*R800*	*R289*	*-64%*
3GB gemengde ADSL data	*R219*	*R59.4*	*-73%*
Analoog lynhuur	*R68*	*R140*	*107%*
Vodacom mobiele data			
Buite die bundel	*R45*	*R2*	*-96%*
MyMeg 10	*R200*	*R9*	*-96%*
MultiChoice betaal-TV			
DStv premium	*R349*	*R590*	*69%*
Petrol			
Petrol	*R4.26*	*R11.77*	*176%*
Big Mac burger			
McDonald's Big Mac burger	*R9.00*	*R20.95*	*133%*

Posted in:Algemeen,Internet | Tagged:Adsl,Wyeband,Internet | With 1 comments